

4 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:8-20

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:17

HK, Vraag 124

Here, help my om u wil te doen

Wat vra ons as ons bid: "Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde ..."? Ons vra die Here dat ons iets sal prysgee, maar ook iets sal opneem.

Ons vra die Here dat ons ons eie sondige wil sal prysgee. Elke dag kom daar versoekings oor ons lewenspad. Elke dag sien ons verkeerde dinge raak in ons eie lewens. Ons eie wil is so dikwels onverstandig, onwys en in botsing met die volmaakte wil van ons hemelse Vader. Ons eie wil neig so dikwels om te wil meedoen aan duistere praktyke wat sondig is. Daarom, laat ons ook vandag weer tot God bid dat ons ons sondige eie wil deur die krag van die Heilige Gees sal neerlê, sal kruisig en sal doodmaak.

Ons bid in hierdie bedede ook dat ons iets sal opneem. Ons vra die Here dat ons sy wil sal opneem en dat ons verkeerde wil, begeertes en gedagtes sal plek maak vir sy wil wat heilig en goed is. Hoe meer sy wil ons beheers, hoe meer lewe ons as mense van die lig, mense wat doen wat goed en reg en waar is. Dan is ons optrede vir God aanneemlik, want ons doen wat Hy wil dat ons moet doen. Wanneer ons eie wil deur die inwerking van die Heilige Gees plek maak vir God se wil straal daar iets uit ons en gebeur daar iets wonderliks. Ons vertoon hier op aarde iets van die engele wat God in die hemel volmaak en getrou volgens sy wil dien.

Is jy werklik bereid om vandag daardie iets in jou wat bots met jou hemelse Vader se wil op te offer, of nie?

Sing: Psalm 25:2 (2001-omdigting)

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)

~~~~~